

# Karoolam-merk kan jou loon

Ná jare se harde werk om erkenning vir Karoolam as vleis van oorsprong te kry, is daar nou 'n sertifiseringsmerk geregistreer wat die egtheid van die vleis waarborg.

**D**ie Karoo se windpompe, kort bossies en troppe skape en die uitgestrekte stilte en diep landleikheid wat dit verteenwoordig, het 'n baie spesiale plek in vele Suid-Afrikaners se harte. Vanjaar, met die aankondiging van planne om skaliegas daar te soek, het die teenstand van duisende Suid-Afrikaners getoon hoe die beskerming van dié droë landstreek met die nasionale psige ineen geweef is.

Die openbare ontevredenheid was nie net teenkanting teen die ontginning van skaliegas nie, maar eerder 'n noodroep om die Karoo en al die goeie goed wat dit verteenwoordig, te beskerm. Een van die ikoniese produkte wat met die Karoo geassosieer word, is skaap- en lamsvleis, dog dese en gene probeer daaruit munt slaan; meermale tot nadeel van verbruikers. 'n Vinnige soektoeg op die internet toon presies hoeveel mense en instansies daarop aanspraak maak dat hulle net Karoolam verkoop of bedien.

**ONDER: Die sertifiseringsraamwerk is nie voorskriftelik oor die skaapras nie. Navorsing toon dat die smaak van Karoovleis, afkomstig van inheemse veld, soos silwerkaroo, skaapbossie, kapokbossie, rivierganna, ankerkaroo en perdebos, sal bepaal of 'n plaas vir die merk in aanmerking kom.**

Nou hoef verbruikers nie meer onseker te wees of die egtheid van vleis wat as Karoolam verkoop word, gewaarborg kan word nie, want deur die toegewyde harde werk van 'n groep mense is 'n sertifiseringsmerk nou geregistreer wat die egtheid van Karoovleis en -lam waarborg. Dit stel 'n protokol, raamwerk en waarborg beskikbaar vir

**Niemand hoef nou aan die werklike oorsprong van die vleis te twyfel nie omdat naspeurbaarheid bestaan.**

mense wat Karoovleis verkoop sodat hulle nie ingevolge die Wet op Verbruikersbeskerming in 'n probleemsituasie beland nie. Dit is ook 'n misdryf om ingevolge die Wet op Landbouproduktstandaarde te lieg oor die oorsprong van 'n landbouprodukt.

Amper tien jaar gelede was daar groot ontevredenheid en konsternasie in Amerika en

Kanada, en in 'n mindere mate Suid-Afrika, toe die Europese Unie besluit het om die gebied se unieke streeksidentiteite en -voedsel te beskerm en te verseker dat nie enigeen name soos Roquefort, Parma, sjampanje, port en sjerrie vir kaas, ham, vonkelwyn of gefortifiseerde wyn kan gebruik nie.

Hoewel Suid-Afrika ook spog met unieke streeksprodukte soos Karoolam, rooibos- en heuningbostee en biltong, het ons nie spesifieke wetgewing om streeksidentiteite of -voedsel te beskerm, soos die sui generis-wetgewing in die Europese Unie wat duisende streeksprodukte beskerm, nie. Om soortgelyke beskerming vir Karoolam te kry, moes die Karoo-ontwikkelingstigting, 'n geregistreerde trust wat hom beywer om die Karoostreek te beskerm en te bevorder, hom tot verskillende wette en instansies wend en oor 'n klomp hekkies spring om 'n protokol geregistreer te kry.

Prof. Johann Kirsten, hoof van die departement landbou-ekonomie, voorligting en landelike ontwikkeling aan die Universiteit van Pretoria, was aan die voerpunt van die gesamentlike inisiatief om 'n sertifiseringskema te ontwikkel wat die oorsprong

